



Die beoordelaars is dit eens dat net 'n staalraamwerk die Kaapstad-stadion se glasdak sou kon ondersteun.

Stadion se staalwerk 'van allerbeste'

Carin Smith, Kaapstad

Die Kaapstad-stadion in Groenpunt is vanjaar die algehele wenner in die Suid-Afrikaanse Instituut vir staalkonstruksie (SAISC) se kompetisie vir die gebruik van staal.

Die toekennings is onlangs in onder meer Kaapstad en Johannesburg gedoen.

Die beoordelaars het die staalkonstruksiewerk aan die stadion beskryf as "van die beste wat ons nóg aanskou het". Dit is deels plaaslik en deels in die buiteland vervaardig en ingevoer.

"Die Kaapstad-stadion-projek het 'n mens laat besef watter vlakke van uitmuntendheid die plaaslike bedryf kan bereik. Die oordrag van vaardighede in die proses gaan ook 'n beduidende voordeel inhou vir toekomstige projekte wat hier aangepak word," lui 'n verklaring wat na-

mens die SAISC uitgereik is.

Na verwagting sal die vaardighede wat ontwikkel is, tot gevolg hê dat daar plaaslik voortaan meer van ligter staalstrukture gebruik gemaak sal word.

Die Kaapstad-stadion bied sitplek aan 68 000 toeskouers. Die sitplekke word bedek deur 'n dak van glaspanele in 'n staalraamwerk.

Die dak is 37 000 m² groot en weeg 4 500 ton. Dit is volgens die SAISC die grootste glasdak in Suider-Afrika.

Die dak is ontwerp om die Kaap se berugte stormwinde te kan weerstaan deurdat die dak sowat 1 m kan lig of sak.

Die stadion is gesamentlik ontwerp deur GMP International Architects & Designers, Louis Karol-argitekthe en Point Architects & Urban Designers.

Die bou-ingenieurs was onder meer Green Point Stadium 2010

Structural Engineers JV, BKS, Schlaich Bergermann en vennote, Iliso Consulting, Henry Fagan en vennote, KFD Wilkinson en Arcus Gibb.

Die hoof-boukontraakteurs was Murray & Roberts en WBHO JV.

Die subkontraakteurs gemeoid met die oprigting van sekere dele van die dak het ingesluit Pfeifer Sell und Hebeteknik, DSE Structural Engineers & Contractors, ABJ Engineering & Contracting en Mazor Steel.

Kategorie-wenners vanjaar in die kompetisie sluit in die Freedom Park-museum in Pretoria in die kategorie vir argitektuur, die vraghouerdepot in Kaapstad in die kategorie vir mynweese en nywerhede, die 7de Laan-brug oor die N1 in Fairland, Johannesburg, in die kategorie vir brúe en die Kaapstadse en King Shaka-internasionale lughawens in die kategorie vir infrastruktuur.





Die beoordelaars is dit eens dat net 'n staalraamwerk die Kaapstad-stadion se glasdak sou kon ondersteun

Staalwerk aan Kaapstad-stadion 'van die beste nóg'

Carin Smith, Kaapstad

Die Kaapstad-stadion in Groenpunt is vanjaar die algehele wenner in die Suid-Afrikaanse instituut vir staalkonstruksie (SAISC) se kompetisie vir die gebruik van staal.

Die toekennings is onlangs in onder meer Kaapstad en Johannesburg gedoen.

Die beoordelaars het die staalkonstruksiewerk aan die stadion beskryf as "van die beste wat ons nóg aanskou het". Dit is gedeeltelik plaaslik en gedeeltelik in die buiteland vervaardig en ingevoer.

"Die Kaapstad-stadion-projek het 'n mens laat besef watter vlakke van uitmuntend-

heid die plaaslike bedryf kan bereik. Die oordrag van vaardighede in die proses gaan ook 'n beduidende voordeel inhou vir toekomstige projekte wat hier aangepak word," lui 'n verklaring wat namens die SAISC uitgereik is.

Na verwagting sal die vaardighede wat ontwikkel is, tot gevolg hê dat daar plaaslik voortaan meer van ligter staalstrukture gebruik gemaak sal word.

Die Kaapstad-stadion bied sitplek aan 68 000 toeskouers. Die sitplekke word bedek deur 'n dak van glaspanele in 'n staalraamwerk.

Die dak is 37 000 m² groot en weeg 4 500 ton. Dit is volgens

die SAISC die grootste glasdak in Suider-Afrika.

Die dak is ontwerp om die Kaap se berugte stormwinde te kan weerstaan deurdat die dak sowat 1 m kan lig of sak.

Die stadion is gesamentlik ontwerp deur GMP International Architects & Designers, Louis Karol-argitekte en Point Architects & Urban Designers.

Die bou-ingenieurs was onder meer Green Point Stadium 2010 Structural Engineers JV, BKS, Schlaich Bergermann en vennote, Iliso Consulting, Henry Fagan en vennote, KFD Wilkinson en Arcus Gibb.

Die hoof-boukontraakteurs was Murray & Roberts en WBHO JV.

Die subkontraakteurs gemeoid met die oprigting van sekere dele van die dak het ingesluit Pfeifer Seil und Hebeteknik, DSE Structural Engineers & Contractors, ABJ Engineering & Contracting en Mazor Steel.

Kategorie-wenners vanjaar in die kompetisie sluit in die Freedom Park-museum in Pretoria in die kategorie vir argitektuur, die vrughouerdepot in Kaapstad in die kategorie vir mynwyse en nywerhede, die 7de Laan-brug oor die N1 in Fairland, Johannesburg, in die kategorie vir brúe en die Kaapstadse en King Shaka-internasionale lughawens in die kategorie vir infrastruktuur.

